

Van belydenis tot bemoediging



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Daniël 9; Jeremia 25:11 en 12; hfst. 29:10; 2 Konings 19:15-19; Matteus 5:16; Jakobus 5:16.

Geheeteks:

“Here, hoor! Here, vergeef! Here, merk op en doen dit, vertoef tog nie, om U ontwil, my God; want u Naam is oor u stad en u volk uitgeroep” (*Daniël 9:19, OAB*).

Daniël 9 is een van ’n aantal roerende gebede in die Bybel. Op deurslaggewende oomblikke in sy lewe wys die profeet ons daarop dat hy hom tot gebed wend ten einde bepaalde uitdagings die hoof te bied. Toe Daniël en sy kollegas op die punt was om om die lewe gebring te word, en dit oor die raaiselagtige droom wat ’n heidense koning gehad het, wend die profeet hom tot God (*Daniël 2*). En toe ’n koninklike bevel enigeen verbied om versoeke aan enige God te rig behalwe die koning, gaan Daniël voort om daaglik in die rigting van Jerusalem te bid (*Daniël 6*). Laat ons dus, terwyl ons Daniël se gebed in hoofstuk 9 bekyk, in ag neem dat die visioen van die 2,300 aande en môres die profeet in hoofstuk 8 ontstel het. Hoewel die profesie in breë trekke uitgelê word, spook Daniël met dié raaiselagtige tydperk wat in die gesprek tussen die twee hemelwesens aangeroe word: “Twee Duisend-driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word” (*Dan. 8:14, OAB*). Dit is eers hier in hoofstuk 9 dat die raaisel opgeklaar word – en weereens in antwoord op opregte gebed.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 7 Maart.*

Die Woord van die Here as spilpunt

Lees Daniël 9:1 en 2. Daniël sê dat hy “in die boeke gemerk het,” verwysende na die studie wat hy oor ’n bepaalde profesie gedoen het. Van watter bybelboeke praat hy hier?

Van nader beskou spruit hierdie gebed uit ’n diepgaande studie oor ’n ander openbaring, een wat God aan Moses en die profete gegee het. In Jeremia se boekrol lees Daniël dat die ballingskap 70 jaar sal duur (*lees Jer. 25:11, 12; Jer. 29:10*) en dit is toe dat hy die geskiedkundige waarde van sy leeftyd besef. Neem in ag dat Daniël dié gebed in 539 v.C. bid, die presiese jaar waarin Babilon deur die Persiese Ryk vervang word. Bykans 70 jaar het verbygegaan sedert Nebukadnesar Jerusalem verower en die tempel verwoes het. Volgens Jeremia se profesie sou die volk dus binnekort terugkeer na hul geboorteland. So neem Daniël dan die Here op sy Woord, met die wete dat hy en sy volksgenote op die vooraand van ’n gewigtige gebeurtenis was. Ja, die Judeërs was in die doodsnikke van die Babiloniese ballingskap en sou binnekort huis toe gaan, net soos die Here in sy Woord belowe het.

Uit sy studie van die beskikbare bybelboeke blyk dit ook dat Daniël hier die erns van die volk se sondes besef. Hulle het die verbond – en derhalwe ook hul bande – met God verbreek, wat onafwendbaar tot die ballingskap gelei het waarin hulle nou sit (*Lev. 26:14-45*). Deur die bestudering van ’n openbaring van die Here dring dit dan tot Daniël deur in watter gewigtige tydvak hy en sy landgenote leef. Die erns van die saak noop hom om dringend by God voorbidding vir die volk te doen. Terwyl ons die pylvak van die aarde se geskiedenis betree, moet ons, meer as ooit tevore, die Woord van God bestudeer en daarvolgens leef. Slegs die Skrif kan ons ’n gesaghebbende verklaring vir die wêreld waarin ons leef, gee. Dit is, per slot van rekening, die Bybel wat die groot stryd tussen goed en kwaad onder ons aandag bring, die Bybel wat toon dat die wêreldgeskiedenis op die totale uitwissing van die bese en die tot standbring van God se ewige koninkryk gaan uitloop. Hoe meer ons die Skrif bestudeer, hoe beter verstaan ons die stand van sake in ons wêreld. Ons verstaan wat ons rol op aarde is. Ons sien ook waarom ons rede tot hoop het, en dit in ’n wêreld wat ons geen hoop bied nie.

Hoe help die Bybel ons om tot ’n mate sin van ons aardse bestaan te maak, ’n bestaan wat op die oog af chaoties en dus dikwels sinneloos voel?

'n Pleidooi om genade

Lees Daniël 9:3-19. Op grond van watter oorwegings rig Daniël hierdie pleidooi om genade tot God?

Ons behoort veral op die volgende aspekte van hierdie gebed te let. Eerstens vra Daniël nêrens in sy gebed vir die redes hoekom dié rampe die volk te beurt geval het nie. Hy weet wat die rede is. Dié gee hy dan sommer self ook, en is waaruit sy gebed grotendeels bestaan: “Ons was nie gehoorsaam aan die Here ons God om te lewe volgens die voorskrifte wat Hy vir ons gegee het deur sy knegte, die profete, nie” (*Dan. 9:10, NLV*). Die laaste keer toe Daniël in die war was omdat hy nie iets verstaan het nie, was aan die einde van hoofstuk 8, waarin hy te kenne gegee het dat hy nie die 2,300 aande en môres verstaan nie (*lees Dan. 8:27*). Let ook tweedens daarop dat hierdie gebed 'n pleidooi om genade is. In 'n gees van boetvaardigheid beroep hy hom op God, op sy gewilligheid om die verbondsvolk te vergewe, al het hulle gesondig en bese dinge gedoen. In 'n sekere sin eggo dit die evangelie op 'n kragtige wyse. Dit gaan oor sondaars wat oor geen mensgemaakte verdienste beskik nie, wat nietemin na genade en na vergifnis smag, hoewel hulle nóg die een, nóg die ander verdien. Is dit nie maar 'n voorbeeld van die situasie waarin elkeen van ons, ons afsonderlik, voor God bevind nie?

Lees Daniël 9:18, 19. Om watter ander redes vra Daniël dat sy gebede verhoor word?

Daniël wil eer aan die Here bring. Dit is nog 'n aspek van die profeet se gebed waarop ons behoort te let. Hy bid immers nie ter wille van eie gewin of die volk s'n nie, maar sodat die naam van die Here in ere herstel kan word (*Dan. 9:17-19*). Met ander woorde, hy vra vir gebedsverhoor ter wille van God se reputasie.

Lees 2 Konings 19:15-19. In watter opsigte stem Hiskia se gebed en Daniël s'n ooreen? Wat sê Matteus 5:16 kan ons doen om ook die naam van God te verheerlik?

Voorbidding vir ander

Lees Daniël 9:5-13. Daniël gebruik aanhoudend die voornaamwoord “ons” – verwysende na die skuldige party – en sê dat hy saam met die volk skuldig is aan die sonde wat teëspoed oor hulle gebring het. Hoekom is sy gebruik van hierdie voornaamwoord besonder noemenswaardig?

Daniël se gebed is een van vele voorbeelde van voorbidding in die Skrif (m.a.w. wanneer jy ter wille van iemand, of ter wille van ’n groep, by God intree). Sulke gebede spreek tot die Vaderhart. Dit weer sy oordele af en bewerkstellig presies die teenoorgestelde: redding uit die hand van die vyand. Let byvoorbeeld op die kere toe God op die punt was om die hele volk uit te wis, maar toe daarvan afgesien het. Waarom? Omdat Moses ter wille van die sondige Israëliete by God ingetree het (*Eks. 32:7-14, Num. 14:10-25*). Selfs toe erge droogte die land wou verswelg, het die Here Elia se middelaarsgebed verhoor en reën gestuur om die land en sy mense te verkwik (*1 Kon. 18*). Wanneer ons vir huisgenote, familie, vriende ander mense voorbidding doen, of oor bepaalde probleme bid, hoor en verhoor die Here daardie gebede. Hy tree op. Soms neem dit langer om ’n antwoord te kry. Tog bid ons met die geloofsekerheid dat God nooit van sy kinders en hul behoeftes sal vergeet nie (*lees Jak. 5:16*).

In hierdie gebed vertolk Daniël die rol van ’n middelaar tussen God en die volk. Na ’n studie van die Skrif kom hy tot die besef: kyk net hoe vêr het die mense afgedwaal – God se wet is oortree en sy waarskuwings is in die wind geslaan! Weldeeglik bewus van die haglike toestand waarin die Judeërs se geestelike lewe verkeer het, pleit Daniël dus om vergifnis en genesing. Nietemin vereenselwig hy hom met die sondige volk. Die manier wat Daniël hier optree stem tot ’n mate ooreen met die rol wat Christus as ons middelaar speel (*Joh. 17*). Tog is daar ’n reuse verskil: Christus was en is “sonder sonde” (*Heb. 4:15, OAB*) en het gevolglik geen persoonlike sonde om te bely en geen behoefte aan ’n offerdier vir die vergifnis van sonde nie (*Heb. 7:26, 27*). Nietemin vereenselwig Hy Hom op ’n unieke wyse met die mens: “Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees” (*2 Kor. 5:21, NAB*).

“As jy alles wat goed en heilig en eerbaar en lieflik aan die mens is voor die engele kon bring – en dit in ’n poging om die verdienstelikheid van die mens te toon, om te toon dat ons meriete vir ons redding het – sou die engele dit as hoogverraad verwerp” (Ellen G. White, *Faith and Works*, bl. 24). Wat leer ons uit hierdie woorde oor die behoefte aan ’n Middelaar vir die mens?

Die Messias se taak

Daniël se middelaarsgebed fokus hoofsaaklik op twee aspekte: die volk se sonde en die verwoesting van Jerusalem. Derhalwe fokus die Here in sy respons op die versoeke wat met hierdie twee aspekte te make het. Dit is juis danksy die Messiaanse sending dat die Joodse volk later gered en die tempel in Jerusalem in ere herstel sou word. Tog transendeer God se verhooring van hierdie twee gebedsversoeke die geskiedenis. Dit strek verby Daniël en die toekoms wat hy destyds te wagte was – want die Messiaanse taak was en is tot voordeel van die ganse mensdom.

Lees Daniël 9:21-27. Watter werk moes in die 70 weke-tydperk verrig word? Waarom kon dit slegs deur Jesus vermag word?

-
1. “Om die goddeloosheid te voleindig” (OAB). Die klassieke Hebreeuse woord wat hier as “goddeloosheid” vertaal word, is *pesha'*, en dui op 'n mindere se doelbewuste oortreding teen 'n meerdere (*byv. in Spr. 28:24*). Hierdie woord word ook elders in die Bybel gebruik, m.b.t. die uittarting van God deur die mens (*Eseg. 2:3*). Deur die bloed van Jesus word hierdie rebellie teen God egter verpletter. In die plek van daardie rebellie ontvang die mens dan 'n verdienstelikheid wat slegs op Golgota te vinde is.
 2. “Om die maat van die sondes vol te maak” (OAB). Die Hebreeuse werkwoord in hierdie sinsnede beteken “om te verseël” – m.a.w. dat sonde “voleindig” word. Sedert die sondeval kon die mensdom nog nooit aan God se standaardde voldoen nie. Gelukkig oortref die Messias se grootse sukses ons mislukkings.
 3. “Om die ongeregtigheid te versoen” (OAB). Soos Paulus tereg sê: “God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen ” (*Kol. 1:19 en 20, OAB*). In hierdie verband is Jesus weereens die enigste antwoord.
 4. “Om ewige geregtigheid aan te bring” (OAB). Christus het ons plek aan die kruis ingeneem, en skenk ons sodoende die grootse seëning: dat dinge tussen God en ons “reg” kan wees. Hierdie God-gegewe geregtigheid ontvang ons deur geloof.
 5. “Om gesig en profeet te beseël” oftewel “waarin die profesie en die visioen tot vervulling sal kom” (OAB/NAB). Met Christus se soenoffer aan die kruis is die Ou-Testamentiese profesieë wat op sy middelaarswerk gedui het, verseël (m.a.w. dit is vervul of het tot hul volle reg gekom).
 6. “Om wat hoogheilig is, te salf” (OAB). Soos duidelik uit die Afrikaanse vertaling blyk, is hierdie nie 'n persoon nie (want daar staan nie “om die een wat hoogheilig is, te salf” nie). Dit het wel betrekking op 'n plek. Hierdie sinsnede dui dus op die begin van Christus se middelaarswerk in die hemelse heiligdom (*Heb. 8:1*).

Die profetiese kalender

Aan die einde van die visioen oor die 2,300 aande en môres is die profeet verward oor dié raaiselagtige verwikkeling (*Dan. 8:27*). Tien jaar later verskyn 'n engel aan Daniël, en help hom om die visioen te “verstaan” (*Dan. 9:23, OAB*). Hierdie tweede openbaring verskaf die ontbrekende inligting. Dit bring aan die lig dat die Messias se werk aan die einde van die 70-weke-tydperk volbring sou word. In ooreenstemming met die jaar-dag beginsel en die opeenvolgende ontvouing van die geprofeteerde gebeure, behoort ons die 70 weke as 490 jaar te verstaan. Dié tydperk begin by die dekreet om Jerusalem te herbou (*Dan. 9:25*) wat deur koning Artaxerxes in 457 v.C. afgekondig is. Dit gee toestemming aan die Jode om Jerusalem onder leiding van Esra te herbou (*Esra 7*). Die teksvers oor die 70 weke sê dat dit so “bepaal” (OAB) of “vasgestel” (NAB) is, en dui daarop dat die 490 jaar-tydperk afgemete is, en dus deel van 'n langer tydperk is, te wete die 2,300 jaar van hoofstuk 8. Hieruit kan 'n mens aflei dat die 2,300- en 490 jaar-tydperke dieselfde beginpunt het, aldus 457 v.C.

Die profesie oor die 70 weke bestaan uit drie dele: sewe weke, 62 weke, en die 70ste week. Die sewe weke (49 jaar) dui waarskynlik op die tydperk waartydens Jerusalem herbou is. Daarna volg die 62 weke (434 jaar) wat op die verskyning van “'n Gesalfde, 'n Vors” (*Dan. 9:25*) uitloop. So bring dit 'n mens dan – 483 jaar na Artaxerxes se herbouingsdekreet – by 27 n.C. uit, toe Jesus Christus gedoop en deur die Heilige Gees vir sy messiaanse sending gesalf is.

In die sewentigste week ontvou 'n aantal deurslaggewende gebeure: (1) die “Gesalfde” word “uitgeroei, maar sonder iets vir Hom” (*Dan. 9:26, OAB*), wat op die dood van Christus dui. (2) Die Messias “sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit” (*Dan. 9:27, OAB*). Dit is die spesiale sending van Jesus en sy apostels aan die Joodse nasie, en word in die laaste profetiese week onderneem, van 27 tot 34 n.C. (3) “Gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou” (*Dan. 9:27, OAB*). Drie en 'n halwe jaar na sy doop (m.a.w. in die middel van die week) bring Jesus die slagofferstelsel tot 'n einde. Dit kom tot 'n einde omdat die offerstelsel nie meer enige profetiese betekenis het nie. Deur sy soendood word Jesus die laaste en volmaakte offer van die nuwe verbond, wat verdere diereoffers nutteloos maak. Die laaste week van die 70-weke-profesie eindig in 34 n.C., met die steniging van Stefanus en die evangelieboodskap wat nie net die Jode nie, maar nou ook nie-Jode bereik.

Lees Daniël 9:24-27. Hoewel die Messiaanse hoop en belofte hierin verskyn, praat dit ook van geweld, oorlog en verwoesting. Watter geloofsekerheid bied dit ons dat daar te midde van rampe en teëspoed steeds hoop is?

Vir verdere studie:

Hieronder is 'n tabel wat toon hoe die 70-weke-profesie in Daniël 9:24-27 by die 2,300-jaar-profesie in Daniël 8:14 aansluit, en hoedat dit ook die beginpunt vir laasgenoemde vorm. As 'n mens by 457 v.C. begin en 2,300 jaar aantel (en onthou om die jaar nul, wat nie werklik bestaan nie, buite rekening te laat), kom jy by 1844 uit. As 'n mens by 34 n.C. begin en die oorblywende 1,810 jaar (2,300 minus die eerste 490 jaar) aantel, kom jy ook by 1844 uit. Dit toon dat die reiniging van die heiligdom wat in Daniël 8:14 beskryf word, in 1844 begin het. Kyk ook hoe treffend 1844 inpas by die dinge wat in Daniël 7 en 8 beskryf word. Met ander woorde: die oordeel in Daniël 7, wat dieselfde as die reiniging van die heiligdom in Daniël 8 is (soos ons in die vorige twee lesse gesien het), kom na die 1,260 jare van vervolging (Dan. 7:25), maar voor die wederkoms van Jesus en die vestiging van sy ewige koninkryk.



Vrae vir bespreking:

1. Bybelkundiges het al tereg aangedui dat die 2,300 dae en die 70 weke inderwaarheid 'n enkele profesie is. Hoekom dink jy sê hulle dit? Met watter bewyse kan 'n mens daardie aanname rugsteun?
2. Let op Daniël se middelaarsgebed. Watter lesse kan 'n mens daaruit put ten einde jou eie voorbedding 'n hupstoot te gee?
3. Christus se soenoffer ten gunste van die mens is ons enigste hoop. Op watter wyse hou dit ons nederig? Meer belangrik, hoe maak dit ons meer liefdevol en vergewensgesind teenoor ander? Watter boodskap wil Lukas 7:40-47 by die gelowige tuisbring?
4. Kyk net hoe Daniël hier die Skrif as grondslag vir sy gebed en hoop gebruik. Die volk is per slot van rekening op 'n wrede wyse verslaan. Hulle is in ballingskap weggevoer. Hulle land is geplunder en hul kapitaal is vernietig. Tog het hy steeds hoop. Volgens Hom is daar steeds 'n tuiskoms vir die volk. Waarvandaan kom daardie hoop dan? Dit kan net uit die Bybel kom, uit God se beloftes wat daarin opgeteken is. Wat behoort dit vir ons te sê oor die hoop wat ons ook uit die beloftes in Gods Woord kan put?